

uneven field which had been full of holes became a beautifully level square ...”⁷⁰⁹ In 1774 is privaatslawe opgeroep vir die bou van ‘n nuwe pad na Rondebosch en in die 1780’s was hulle betrokke by die bou van fortifikasies.⁷¹⁰

Uit voorafgaande beskrywing van die arbeid van die stedelike Kompanjie- en privaatslaaf is dit duidelik dat beide dié groepe ‘n belangrike rol in Kaapstad as administratiewe sowel as handelsentrum gespeel het. Die arbeid van slawe in Kaapstad het oorwegend die lewering van dienste behels, terwyl ‘n aansienlike aantal geskoolde ambagslui hulle in Kaapstad bevind het. Privaatslawe het veral in die huishoudelike, vervaardigings- of industriële en in die handel- of besigheidsektor van hulle meesters ‘n onmisbare en prominente rol gespeel.

2. Slawearbeid op die akkerbouplase van die Suidwes-Kaap

Alhoewel die Suidwes-Kaapse landbou ekstensief met betrekking tot die aanwending van grond was – vyf tot tweehonderd morges (ongeveer 4,6 tot 182 hektaar) per plaas – was die arbeidsbehoefte op elke plaas, ongegag grootte of produksie, intensief.⁷¹¹ Om in die intensiewe arbeidsbehoefte van die akkerbouplase te voorsien, is groot getalle slawe aangehou. In die eerste helfte van die agtiende eeu het Mentzel tereg opgemerk dat landbou aan die Kaap meer arbeid as in Europa vereis het en dat ‘n groter aantal slawe en Khoikhoi nodig was om die arbeid op die plase te verrig.⁷¹² Hy het voorts melding gemaak van “the numerous servants and slaves” wat Philip Meyburg in diens gehad het om sy akkerbouplaas Meerlust te bewerk.⁷¹³ Die welgestelde J.G. Cloete van die plaas Nooitgedacht het 108 slawe in diens gehad; “a greater number than was ever possessed by any other individual”, aldus Lichtenstein.⁷¹⁴ Uit die navorsing van die historikus A.L. Müller blyk dit dat die meeste akkerbouboere in die tydperk 1795 tot 1834 tussen vyftien en dertig slawe besit het, terwyl sommige wingerdboere meer as tagtig slawe in hulle besit gehad het.⁷¹⁵ Weens die gediversifiseerdheid van die Kaapse akkerbouplaas met sy gemengde landbouproduksie,⁷¹⁶ (Fig. 18) was die tipes arbeid wat deur die slawe op die plase verrig is gevarieerd met min spesialisasie, terwyl dit ‘n vasgestelde seisoenale patroon gevolg het.⁷¹⁷ Tydens die piekperiodes van die graan- en wingerdproduksiesiklus sou arbeid intensief wees. Tydens die rustiger tye is slawe met huishoudelike take sowel as die vervaardiging, oprigting of herstel van geboue, meubels, waens en plaasimplimente besig gehou.⁷¹⁸ Die meeste slawe op die akkerbouplaas was dus op spesifieke tye in die landbousiklus met dieselfde soort arbeid besig.

⁷⁰⁹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope I*, p. 133.

⁷¹⁰ N. Worden, E. van Heyningen en V. Bickford-Smith, *Cape Town. The making of a city*, p. 62.

⁷¹¹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 20; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 168.

⁷¹² O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128.

⁷¹³ *Ibid.*, p. 84.

⁷¹⁴ H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 125.

⁷¹⁵ A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 10.

⁷¹⁶ N. Penn, Labour, land and livestock in the Western Cape during the eighteenth century: The Khoisan and the colonists, in W.J. James en M. Simons, *The angry divide*, pp. 1 - 4.

⁷¹⁷ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 23; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 108 - 109.

⁷¹⁸ A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 10.

Slawearbeid is primêr in alle prosesse van die graan-, wingerd- en wynproduksie aangewend, terwyl hulle ook by die sekondêre produksie van vrugte-, groente- en suiwelproduksie vir huishoudelike gebruik en verkope op kleiner skaal betrokke was. Op plase waar groot- en kleinvee aangehou is, het ouer slawe as veewagters en -versorgers opgetree. Mettertyd sou die landbouslawe die steunpilare van die Suidwes-Kaapse landbouproduksie word en as sodanig 'n belangrike rol in die ekonomie van die akkerboustreek speel. Die intensiewe seisoenale arbeidsbehoefte van die graan- en wingerdbou het tydens piektye groot druk op die arbeidsvermoëns van die slawe uitgeoefen, wat soms 'n negatiewe effek op die verhouding tussen meester en slaaf gehad het.⁷¹⁹

Teen die middel van die agtiende eeu was graanproduksie die belangrikse en omvangrykste akkerbou-aktiwiteit in die Suidwes-Kaapse akkerbougebied en het alle graanboere slawe besit.⁷²⁰ Die Tygerberg-omgewing was bekend as die belangrikste koringproduksiegebied in die akkerboustreek⁷²¹ en het, volgens Le Vaillant, as “die graanskuur van die Kolonie” bekend gestaan.⁷²² Die hoofgraansoort wat by hande van slawe verbou is, was koring, alhoewel ook gars, rog en hawer as dierevoer geproduseer is.⁷²³ Volgens Thunberg, Sparrman, Barrow en Burchell is gars hoofsaaklik as perdevoer gebruik.⁷²⁴

Koring was die eerste stapelvoedsel wat aan die Kaap verbou is en die Siciliaanse koring, waarvan daar in die *Dagboek van Adam Tas 1705 - 1706* melding gemaak word,⁷²⁵ het volgens die Kaapse owerhede in 1713 'n groter opbrengs as die ander koringsoorte gelewer, was beter teen droogte bestand en het 'n langer rypwordingstyd vereis.⁷²⁶ Op 8 September 1785 het 'n anonieme besoeker aan die Kaap in die *Berliner Monatschrift* van 1784 opgemerk dat die Kaapse koring van hoogstaande gehalte was, “of a quality unequalled anywhere in the world”.⁷²⁷ Vir die slawe was die dors van hierdie tipe baardkoring lastig, aangesien dit moeiliker was om die graan uit die are te kry en die strooi daarbenewens ongewoon hard was.⁷²⁸

Graanproduksie het veral tydens die ploeg- en saaityd sowel as die oes- en dorstyd intensiewe

⁷¹⁹ A.L. Müller, The impact of slavery on the economic development of South Africa, *Kronos* 5, 1982, p. 10.

⁷²⁰ D.C. Bozarth, *Burgher, boer and bondsman*, D.Phil.-proefskrif, Universiteit van Maryland, 1987, p. 250.

⁷²¹ A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 162; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 29.

⁷²² F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 99.

⁷²³ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 286.

⁷²⁴ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 45; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 162; J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 285; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 80.

⁷²⁵ A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), p. 42.

⁷²⁶ B. Booyens, Die volkskundige benutting van die dagboek van Adam Tas, *Tydskrif vir Volkstaal en Volkskunde* 28/4(16), Oktober 1972, p. 14.

⁷²⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 111.

⁷²⁸ B. Booyens, Die volkskundige benutting van die dagboek van Adam Tas, in *Tydskrif vir Volkstaal en Volkskunde* 28/4(16), Oktober 1972, p. 14.



Figuur 96: Kaapse slawe besig om te ploeg. Drie slawe was nodig om 'n ploeg met 'n span osse te hanteer. Dit was veral slawe van Afrika en Madagaskar wat as plaasarbeiders aangewend is. Links op die voorgrond is 'n tipies Kaapse ploeg, soos dit deur Kolbe, Mentzel en Teenstra beskryf is. Kopergravure deur Peter Kolbe, soos oorspronklik afgedruk in *Caput Bonae Spei hodiernum: das ist vollständige Beschreibung des Afrikanischen Vorbürges der Guten Hoffnung ...*, Nuremberg, 1719.

Uit: R.F. Kennedy (samesteller), *Catalogue of prints in the Africana Museum and in books in the strange collection of Africana in the Johannesburg Public Library up to 1870, I* (Johannesburg, 1975),



Figuur 97: Ploëry aan die Kaap, volgens 'n gravure in 1805 deur die onbekende outeur van *Gleanings in Africa*.

Uit: *Gleanings in Africa* (Londen, 1805), p. 279.

en gekonsentreerde arbeid vereis.⁷²⁹ Na die oes van die koring en rog aan die einde van November is die lande gebrand. In April is die lande wat die voorafgaande jaar braak laat lê is, bemes. Weens die teenwoordigheid van vee op die plaas, was daar gewoonlik mis vir die doel beskikbaar⁷³⁰ en Teenstra het aangedui dat ongeveer veertig wavragte mis nodig was om een morg grond te bemes.⁷³¹ Met die eerste reëns teen die einde van Mei het die ploegtyd aangebreek,⁷³² alhoewel Kolbe van mening was dat die beste ploegtyd in Junie en Julie was.⁷³³ Volgens hom het die ploeyery “niet alleen veel ossen, maar ook veel menschen vereischt”.⁷³⁴ In die koue en nat toestande het ‘n slaaf voor die ploeg geloop om die koringsaad oor die bemeste lande uit te strooi,⁷³⁵ waarna “het koren en de mest gezamentlijk met de stoppelen van de vorige vrucht, na veeltijds het land vooraf ten halve gebrand te hebben, ondergplougd [is]”, aldus Teenstra.⁷³⁶ Hiervolgens is die saad nie ingeëg nie, maar ingeplou. Drie persone was nodig om die ploegwerk te behartig (**Fig. 96 & 97**). ‘n Jong slafie of Khoikhoiseun was gewoonlik die **touleier** van ‘n span van ses tot twaalf osse wat die groot swaar ploeg moes trek.⁷³⁷ Volgens Kolbe moes hy “de voorgespanne ossen ment of hen den weg wyst, terwyl hy een touw, aan de horens vastgemaak, in de hand heeft, en den voorsten voorgaat, waar voor hy ook met den naam van Leyder of Aanvoerder vereert word”.⁷³⁸ Soms is ouer slawe as touleiers tydens die ploeyery aangewend.⁷³⁹ Kolbe, Mentzel en Teenstra het ‘n volledige beskrywing van die Kaapse ploeg gegee⁷⁴⁰ en daaruit is af te lei dat dit twee nie-ewegroot wiele gehad het en ongeveer drie maal groter, sterker en swaarder as die ploey in Duitsland was.⁷⁴¹ Kolbe het die effektiwiteit van die groter ploey bevestig⁷⁴² terwyl Van Ryneveld van mening was dat die ingevoerde ploey nie sterk genoeg vir die plaaslike hobbelrige, harde kleigrond was nie.⁷⁴³ ‘n Sterk slaaf of die boer self was die **ploeghanteerder**, terwyl die derde slaaf as **drywer** langs die osse gestap het “om met een zweep de ossen voort de dryven”, aldus Kolbe.⁷⁴⁴ Die meeste boere het terselfder tyd drie ploey in die lande gehad,⁷⁴⁵ wat beteken het

⁷²⁹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 20.

⁷³⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 162.

⁷³¹ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 382.

⁷³² *Loc. cit.*; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 161.

⁷³³ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 134.

⁷³⁴ *Ibid. I*, p. 133.

⁷³⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 161.

⁷³⁶ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 382.

⁷³⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 161.

⁷³⁸ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 133.

⁷³⁹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 88.

⁷⁴⁰ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, pp. 132 - 133; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 161 - 162; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 400.

⁷⁴¹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 161.

⁷⁴² P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 133.

⁷⁴³ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 21.

⁷⁴⁴ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 133; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 128; *Ibid. III*, p. 162.

⁷⁴⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 162.

dat nege slawe per keer by die ploeiery betrokke was. Volgens die ingeligte mening van Van Ryneveld in 1797, het 'n groot koringboer wat 'n jaarlikse koringoes van 800 muddens koring en 400 muddens gars beoog het, die arbeid van ongeveer dertig slawe benodig. Om die saai- en ploegwerk deeglik af te handel, was ses tot agt ploeië nodig wat elk deur tien tot twaalf osse getrek en deur drie slawe onderskeidelik beman is.⁷⁴⁶

Nadat die koring deur die algemene **plaasarbeiders** gesaai is, het die opeenvolgende saai van ander graan- en peulgewasse aangebreek. Gars is in Maart sowel as Augustus gesaai. Na die ertjies is wit bone teen die einde van September in die grond gesit en deur slawe met bemesting en al in "eene vetten vochtigen grond" omgeploeg.⁷⁴⁷

Tydens die ongemaklike warm somermaande tot die oestyd van die koring in Desember aanbreek, was die slawe met die beheer van onkruid en plaë in die graanlande besig. In sy dagboek het Adam Tas melding gemaak van die "volk" wat in die koringland moes "wieden".⁷⁴⁸ In Nederlands word "wieden" as "onkruid uitplukken" verklaar. Dit was 'n algemene gebruik om koringlande, veral na reëns, te wei. Die slawe moes die koringlande dan stelselmatig deurstep om alle onkruid, soos gousblomme, koringblomme, wildehawer en ramenas, uit te spit of uit te trek. Hierdeur is die verspreiding van onkruidsaad beperk en die suiwerheid van die graansaad in 'n mate behou.⁷⁴⁹ Die onkruid "drabok" en "spurie" (*Spergula arvensis*) was veral 'n groot kopseer vir die graanboere. Dit het intensiewe arbeid van die slawe vereis om die hardnekkige "drabok" uit die koringlande te verwyder sowel as om die saad van die graankorrels te skei.⁷⁵⁰ Die slawe was ook deurentyd besig om kweek uit te spit, terwyl die jong slawekinders die voëls – veral geelvinke – uit die graanlande moes verwilder.⁷⁵¹ Wildsbokke wat die graanlande verniel het, is met geweeskote verjaag.⁷⁵²

Oestyd het gewoonlik teen die middel van Desember in die bloedige en ongemaklike Kaapse somer aangebreek. Alle slawe op die plaas, insluitende die slavinne⁷⁵³ sowel as gehuurde slawe van die dorpsburgers en die wynboere,⁷⁵⁴ gehuurde arm koloniste en Khoikhoi is vir hierdie veeleisende taak ingespan.⁷⁵⁵ Die oes moes vinnig plaasvind voor die ryp koringkorrels afgegooi of die ryp koringlande deur die dreigende suidooster platgewaai kon word.⁷⁵⁶ "Even the idea of Sabbath observance [was] given up", aldus Mentzel.⁷⁵⁷ Die oes van die koring het voordag begin. Die slawe het die koring gebukkend met sekels gesny, terwyl slawekinders van

⁷⁴⁶ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 24.

⁷⁴⁷ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 382 - 383.

⁷⁴⁸ A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 104 en 106.

⁷⁴⁹ B. Booyens, Die volkskundige benutting van die dagboek van Adam Tas, *Tydskrif vir Volkstaal en Volkskunde* 28/4(16), Oktober 1972, p. 14.

⁷⁵⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 160.

⁷⁵¹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 21.

⁷⁵² O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 167.


⁷⁵³ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 21.

⁷⁵⁴ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 26.

⁷⁵⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 165 - 166; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 25.

⁷⁵⁶ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 21 en 24.

⁷⁵⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 15.



Figuur 98: Die aktiwiteite waarby slawe tydens die dors van graan op die Kaapse plase betrokke was, volgens 'n gravure deur die onbekende Engelse skeepsoffisier in *Gleanings in Africa*, 1805. Op die voorgrond word die koringerwe op die dorsvloer deur galopperende perde uitgetrap, terwyl die gerwe deurlopend met gaffels omgekeer word. Links in die agtergrond word die koring gewan deur dit teen die wind op te gooi waardeur die swaarder graankorrels van die ligter kaf geskei word.

Uit: *Gleanings in Africa* (London, 1805), p. 271.

tien jaar en ouer die maaiers gevolg en die afgesnyde graan in hopies gepak en vir binding in gerwe voorberei het.⁷⁵⁸ Mentzel het die wyse waarop die gerwe deur die slawe gebind is, beskryf:

The binder uses no other straw-binders for the sheaves than those from the same field and grain. He takes a bare twenty to twenty-four stalks in each hand, makes a half-knot below the ears at the top, and ties this band round a small heap of stalks, giving the straw a few twists below and inserting the end beneath the bound.⁷⁵⁹

Uit die *Slaweregister* blyk dit telkens dat jong slafies as algemene arbeiders aangewend is.⁷⁶⁰ Om sewe-uur is ontbyt geneem, waarna die oeswerk in alle erns hervat is. Om tienuur is die werk gestaak, aangesien te veel koringkorrels weens die hitte uit die are sou val. Geen oeswerk is tussen tienuur die oggend en vieruur die middag gedoen nie. Die maaiers en gerfbinders het om twaalfuur middagete genuttig en tot vieruur gerus. Daarna is die maaiwerk voortgesit tot dit donker was.⁷⁶¹ Na aandete is die osse voor die waens gespan sodat die gerwe na die opstal aangery en miedgepak kon word.⁷⁶² Hierdie taak moes in die nag verrig word, aangesien die effens klam koringare verhoed het dat die korrels uitval. In baie droë weer is 'n seil op die wa oopgesprei alvorens die gerwe opgelaai is sodat die koringkorrels wat uitval, herwin kon word.⁷⁶³ 'n Lae kleimuur het plaasdiere van die koringmiedens weggehou. Nadat die koringmied gepak is, is droë strooi as beskerming in geval van reën bo-oor die mied gepak.⁷⁶⁴

Na die koringoes moes 'n hele aantal slawe hulle gewig by die veeleisende dorsproses ingooi. 'n Gravure van die onbekende skeepsoffisier en outeur van *Gleanings in Africa* (**Fig. 98**) gee 'n aanduiding van die aktiwiteite waarby slawe tydens die dorsproses in die vroeë negentiende eeu betrokke was.⁷⁶⁵ Teen dagbreek is die koringgerwe van die miedens afgehaal en sorgvuldig in drie lae op die ronde ommuurde dorsvloer, wat van 'n klei- en beesmismengsel of miershoopgrond gemaak en met 'n lae muur omring was, gepak,⁷⁶⁶ waarna dit met 'n enkele tussenpose vir twee tot drie ure deur vier tot agt galoppende perde uitgetrap is.⁷⁶⁷ 'n Enkele slaaf met 'n sweep in sy hand het in die middel van die dorsvloer gestaan en die pas en koers

⁷⁵⁸ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 165; *Ibid.* II, p. 90.

⁷⁵⁹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 165.

⁷⁶⁰ K.A.B.: SO. 6/84, p. 12: Register of Slaves, 1816-09-24; SO. 6/15, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-20; K.A.B.: SO. 6/94, p. 3: Register of Slaves, 1816-05-15; SO. 6/94, p. 22: Register of Slaves, 1821-02-01.

⁷⁶¹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 166.

⁷⁶² *Loc. cit.*; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrywing van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 139.


⁷⁶³ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 166.

⁷⁶⁴ *Ibid.* III, p. 167; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrywing van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 139.


⁷⁶⁵ *Gleanings in Africa*, p. 270.

⁷⁶⁶ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 168 - 169; C.G. Botha, *Social life in the Cape Colony, with social customs in South Africa in the 18th century*, p. 69.

⁷⁶⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 169 - 170; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschrywing van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 140.



Figuur 99: 'n Wadrywer en touleier in beheer van 'n Kaapse wa en veertien osse, volgens 'n tekening deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/34.
 Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 104.



Figuur 100: 'n Ossewa met sestien osse, 'n touleier en wadrywer met sy besonder lang sweep wat hy heel bedrewe kon klap om die osse te beheer, volgens 'n waterverfsketsie deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 116.

van die perde beheer, terwyl ander slawe die gerwe met gaffels omgekeer het.⁷⁶⁸ Die dorsproses het groot bedrewenheid van die slawe vereis, aangesien die verkeerde plasing van die gerwe op die dorsvloer sowel as 'n gebrek aan beheer oor die perde, die koring kon bederf.⁷⁶⁹ Terwyl die perde na twee ure uit die dorsvloer gelei is om te rus, het slawe met houtgaffels die hooi deeglik opgelig en omgekeer sodat die uitgetrapte korrels kon deurval en die ongetrapte koringare beter aan die hoewe van die perde blootgestel kon word. Hierna het die perde vir nog 'n uur tot middagete die koringare uitgetrap. In geval waar die boer ongeknaakte of ongebreekte koringhalms vir die dek van dakke nodig gehad het, is die gerwe met die hand hanteer en die koringare op lang tydelike opslaantafels wat op die dorsvloer staangemaak is, deur die werkers uitgeslaan.⁷⁷⁰

Sodra genoeg koring vir twee wavragte gedors, gewan, afgemeet en gesak is, is dit so spoedig moontlik die daaropvolgende nag deur vier wadrywerslawe op kort smal waens⁷⁷¹ na Kaapstad geneem waar dit by die Kompanjie of die bakker afgelewer is.⁷⁷² Andersins is dit na die naaste koringmeul vervoer. Adam Tas het sy koring vir huishoudelike gebruik sowel as sy afsetkoring by die Stellenbosse koringmeul laat maal. Nadat hy op 24 Julie 1705 'n vrag koring na die meule gestuur het, was dit teen die aand reeds "in meel verander",⁷⁷³ en op 12 Desember het hy weereens "coorn in meel" laat verander.⁷⁷⁴ In die agtiende eeu is die koring wat op Vergelegen verbou is op die plaas self gemaal, aangesien die plaas oor sy eie koringmeul beskik het wat deur meulenaars beman was.⁷⁷⁵ Die **wadrywers** was onmisbaar op die akkerbouplaas, want hierdie slawe was verantwoordelik vir die veilige en flinke vervoer van landbouprodukte en goedere na die Kaapse mark (**Fig. 99 & 100**). Volgens Percival was die wadrywers oorwegend van gemengde afkoms en is "bastaards" genoem. Hulle was uiters behendig in die hantering van die wa en osse oor die moeilike Kaapse paaie met hulle steil en nou bergpasse, talle driwwe en riviere.⁷⁷⁶ Lichtenstein het dié waarneming bevestig.⁷⁷⁷ Hulle kennis van en bedrewendheid in die hantering van die trekdier het in 'n groot mate tot hulle sukses as wadrywers bygedra.⁷⁷⁸ Daarbenewens was hulle knap, handig, bruikbaar en intelligent, terwyl 'n groot aantal in die huise van hulle eienaars opgegroeï het.⁷⁷⁹ In die

⁷⁶⁸ *Gleanings in Africa*, pp. 271 - 272; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 399.

⁷⁶⁹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 169; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 21.

⁷⁷⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 170 - 171.

⁷⁷¹ N.L. de la Caille, *Travels at the Cape 1751 - 1753*, p. 31.

⁷⁷² O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 166 en 171.

⁷⁷³ A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), p. 88.

⁷⁷⁴ *Ibid.*, p. 116.

⁷⁷⁵ A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, pp. 473 en 495.

⁷⁷⁶ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 57 - 59; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 333; W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, p. 86.

⁷⁷⁷ H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, p. 17.

⁷⁷⁸ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 57 - 59; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, I*, pp. 17 - 18.

⁷⁷⁹ R. Percival, *An account of the Cape of Good Hope*, pp. 57 - 59.

Slaweregister is talle voorbeelde van akkerbouboere wat in besit van wadrywerslawe was.⁷⁸⁰ Een van die ses wadrywerslawe van Pieter Cloete was die sestienjarige Fortuin van die Kaap.⁷⁸¹ Jong slafies en Khoikhoiseuns het meesal as touleiers opgetree. Op 27 Augustus 1817 is die vyftienjarige Marquis van die Kaap sowel as die twaalfjarige Adriaan van die Kaap as touleierslafies van Johan Veyll in die *Slaweregister* aangeteken.⁷⁸²

Wat die oes van ander graangewasse betref, was slawe in Oktober by die oes van gars en hawer betrokke. Aan die begin van Desember het hulle die rog, wat baie goed in die skraal sanderige grond van die Stellenbosch-omgewing geaard het, geoes.⁷⁸³

Slawe was onder meer deel van 'n vorm van buurthulp waartydens arbeiders in die akkerboustreek in spanne verdeel en op 'n rotasiebasis van plaas na plaas gestuur is om gedurende piektye in die graanproduksieproses van diens te wees.⁷⁸⁴ Op dié wyse was boere mekaar met die ploeg, saai en dors van koring behulpsaam, "executed on the land of each of them in turn", aldus Mentzel.⁷⁸⁵ Na die oestyd is die oesfees op 'n werksdag gehou waartydens die boer en sy familie saam met sy slawe en die Khoikhoi in feestelike stemming verenig was. Dit was 'n dag van wyn, musiek en dans.⁷⁸⁶

Naas graanverbouing was wingerdboerdery, met die oog op die produksie van wyn, 'n lonende landboubedryf in die Suidwes-Kaapse akkerboustreek. In 1783 het 'n Kaapse besoeker tereg in die *Berliner Monatschrift* opgemerk: "Viticulture is another profitable occupation."⁷⁸⁷ Danksy die geskiktheid van die grond sowel as slawearbeid is die grondslag vir die suksesvolle wingerdverbouing reeds vroeg gelê en het die Kaapse wyne, veral dié van Constantia, internasionale erkenning geniet.⁷⁸⁸ Alle arbeid in wingerd- en wynproduksie was arbeidsintensief en weereens sou slawearbeid 'n deurslaggewende rol speel. In die eerste helfte van die negentiende eeu het George Thompson tereg melding gemaak van "... slave labour, by which

⁷⁸⁰ K.A.B.: SO. 6/84, p. 15: Register of Slaves, 1822-10-23; SO. 6/15, pp. 16 - 17: Register of Slaves, 1816-06-20; 1816-05-02; SO. 6/15, p. 24: Register of Slaves, 1816-06-22; SO. 6/33, pp. 71 - 73: Register of Slaves, 1817-08-27.

⁷⁸¹ K.A.B.: SO. 6/15, p. 24: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁷⁸² K.A.B.: SO. 6/33, p. 71: Register of Slaves, 1817-08-27.

⁷⁸³ B. Booyens, Die volkskundige benutting van die dagboek van Adam Tas, *Tydskrif vir Volkstaal en Volkskunde* 28/4(16), Oktober 1972, p. 17.

⁷⁸⁴ A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 110, 116, 122 en 124.

⁷⁸⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 54.

⁷⁸⁶ *Ibid.* III, p. 15.

⁷⁸⁷ *Ibid.*, II, p. 111.

⁷⁸⁸ *Loc. cit.*; M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 380, 421 - 422; F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoope met de zaaken daar toe behoorende I*, p. 192; J. S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Bantam, Bengalen enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI*, II, p. 124; Mrs. Kindersley, *Letters from the Island of Teneriffe, Brazil, the Cape of Good Hope, and the East Indies*, p. 64; F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, pp. 89 - 90; A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 74; C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 155; M. Masson, *Lady Anne Barnard*, p. 205.

the vine is exclusively cultivated ...”⁷⁸⁹ In 1789 het Johannes Colijn in ‘n memoriaal aan die Politieke Raad aangedui dat hy 52 slawe nodig gehad het om jaarliks 80 leggers wyn op sy Constantia-landgoed te produseer.⁷⁹⁰ Hierdie groot aantal slawe vir een van die grootste wynboere wat superieure kwaliteit wyn gemaak het, was die uitsondering op die reël. Teen die einde van die agtiende eeu het een van die mees gerespekteerde wynboere aan die Kaap slegs vyftien slawe aangehou om jaarliks 100 leggers wyn op sy plaas te verbou.⁷⁹¹ Op 22 Junie 1816 is negentien slawe van Pieter Lourens Cloete wat by die produksie van wingerd en wyn betrokke kon gewees het, in die *Slaweregister* gelys, waarvan drie spesifiek as wynkelderwerkers aangedui is.⁷⁹² In dieselfde tyd was Hendrik Cloete van Groot Constantia in besit van onder meer 13 slawe wat by wingerdverbouing en wynproduksie betrokke kon gewees het. Drie van hulle is pertinent as “vintagers” of druiweplukkers in die *Slaweregister* gelys.⁷⁹³

Met die buitengewone oplewing in wynproduksie teen 1820, het daar ‘n verskuiwing van stedelike slawe na die wingerdverbouingstreke plaasgevind, terwyl slawearbeid in dié tyd tot sy uiterste ontgin is. In dié tyd was talle wynboere desperaat weens die arbeidstekort op die arbeidsintensiewe wingerdbouplase.⁷⁹⁴ Op plase waar graan sowel as wingerd verbou is, het die seisoenale sikliese arbeidsbehoefte mekaar chronologies opgevolg en is die slawe op die gemengde akkerbouplase dwarsdeur die jaar tot optimale voordeel van die boer aangewend.⁷⁹⁵ Van die aanlê van ‘n nuwe wingerd tot by die vervoer van die vate wyn na Kaapstad, was slawe intensief by alle fases van die wingerdbou en wynproduksie op die akkerbouplaas betrokke.

Die wintermaand Julie was volgens Teenstra die beste tyd om met die voorbereiding vir die aanplant van ‘n nuwe wingerd te begin. Eerstens is die grond deur slawe “drie voeten diep omgespit, en zoo voor als onder het bewerken, van alle steenen en onkruiden gezuiverd”,⁷⁹⁶ en bemes. Vars afgesnyde wingerdlote is in bosse van ‘n honderd elk gebind en in die grond begrawe. Sodra hierdie ingelegde stokke teen die einde van September uitgeloopt en wortel geskiet het, is dit tydens reënweer in rye van suidoos na noordwes in die voorbereide landerye geplant.⁷⁹⁷ Die rye was vier tot vyf voet (ongeveer 1,2 tot 1,5 meter) uitmekaar om gemaklike beweging tussen die rye tydens snoei- en oestyd moontlik te maak.⁷⁹⁸

Die snoei van gevestigde wingerd het ook tussen Julie en September plaasgevind. Bedrewe **snoeislawe** het die wingerd tot ongeveer agtien duim (ongeveer 46 cm) van die grond af teruggesnoei,⁷⁹⁹ terwyl die wingerdlanderye elke tweede jaar gedurende die tyd bemes

⁷⁸⁹ G. Thompson, *Travels and adventures in Southern Africa III* (red. V.S. Forbes), p. 92.

⁷⁹⁰ K.A.B.: C. 184, p. 229: Memoriaal van Johannes Colijn aan die Politieke Raad, 1789-11-27.

⁷⁹¹ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, pp. 396 - 397.

⁷⁹² K.A.B.: SO. 6/15, pp. 23 - 25: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁷⁹³ K.A.B.: SO. 6/15, pp. 16 - 17: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁷⁹⁴ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 168 - 169.

⁷⁹⁵ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 22.

⁷⁹⁶ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 380.

⁷⁹⁷ *Loc. cit.*; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 147.

⁷⁹⁸ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 175 - 176.

⁷⁹⁹ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 26.

is.⁸⁰⁰ Voor die snoeiproses is die wingerde eers met ‘n mengsel van gekookte wyn en kruie teen plantluise en ander plae, soos swamsiektes, behandel.⁸⁰¹ Gedurende Oktober en November is onkruid in die wingerde uitgetrek en -geskoffel, terwyl die wingerde gestut en opgelei is.⁸⁰² Op die plaas Libertas van Adam Tas het twee spanne slawe gelyktydig in die wingerde gewerk. Terwyl die een span die wingerd gesnoei het, was die ander met spitwerk tussen die wingerde besig.⁸⁰³ Teen 6 Augustus was die snoeiwerk afgehandel, “met wijngaardsnijden isser op dato een einde gemaakt en met spitten nog al voortgevaaren”, aldus Tas.⁸⁰⁴

Van Augustus tot Desember was dit ‘n rustiger tyd op die wynplaas, alhoewel die onkruidverwydering in die wingerd die slawe goed besig gehou het. In dié tyd is die wynvate skoongemaak deur die aanpaksels teen die vaatwande met ‘n mengsel van perskeblare en kookwater te verwyder.⁸⁰⁵ Dit was ‘n uiters onaangename taak en op sommige plase waar die kwaliteit van wyn ‘n belangrike prioriteit was, moes slawe selfs in die vate rondkruip om die aanpaksels teen die vaatwande af te skuur. Na dié taak is die wynvate met swavel berook. Dié proses is deur Mentzel beskryf:

A piece of cotton cloth is slightly moistened and drawn through liquefied sulphur. Of this, a strip of about two inches in length and three-quarters of an inch in width is cut off and attached to a bent wire as to a hook. The sulphur is then ignited and the wire lowered to the centre of the barrel while the barrel is closed tightly with the bung and a wet cloth.⁸⁰⁶

Tydens die aktiewe groeytyd van Desember tot Februarie moes slawe bedag wees op rondloperbeeste in die wingerde sowel as voëls by die rypwordende druiwetrosse. Jong seuns en slawekinders moes daglank swepe in die wingerde klap om die voëls weg te hou.⁸⁰⁷ Vreemd genoeg het honde ook ‘n liefde vir die ryp druiwe geopenbaar en veral snags, wanneer die sweepklappers nie daar was nie, skade aan die trosse berokken.⁸⁰⁸ Behalwe vir ruspes en springkane, was die skadelike suigwurm ook ‘n plaag om mee rekening te hou. “De zoogenaamde Zuiger is zekerlyk wel de ergste vyand van alle, die den wynstok beschadigen”, aldus Kolbe.⁸⁰⁹ Soggens vroeg, nog voor die suigwurms hulle verwoestende gevreet kon begin, moes die slawe die wurms een vir een van die wingerdplante verwyder en in ‘n houer gooi om dit later tuis te vernietig of te verbrand.⁸¹⁰ Die volgende hoogtepunt van die

⁸⁰⁰ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 380.

⁸⁰¹ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 26.

⁸⁰² M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, p. 381.

⁸⁰³ A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), p. 62.

⁸⁰⁴ *Ibid.*, p. 100.

⁸⁰⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 106 en 184 - 185.

⁸⁰⁶ *Ibid. III*, p. 184.

⁸⁰⁷ *Ibid. III*, p. 178.

⁸⁰⁸ *Loc. cit.*

⁸⁰⁹ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 148.

⁸¹⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 177; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, pp. 148 - 149.

landboujaar was die pluk en pars van die duiwe wat dan ook die besigste tyd op die wingerdplaas was. Van die einde van Februarie is die totale arbeidsmag op die plaas vir 'n maand lank by die duiwe-oes betrek.⁸¹¹ In dié tyd was die arbeid van die slawe onontbeerlik.⁸¹² Die **druiveplukkers** het elk 'n mandjie wat van Spaanse riet gemaak is by hulle gehad wat, sodra dit vol duiwe was, deur 'n ander slaaf na die parshuis gedra is.⁸¹³ In die *Slaweregister* word pertinent van drie duiweplukkers melding gemaak wat op 20 Junie 1816 in besit van Hendrik Cloete van Groot Constantia was.⁸¹⁴ Dit is logies dat hulle nie die enigste slawe was wat tydens die oestyd as plukkers opgetree het nie, maar het heelwaarskynlik die oesspanne aangevoer.

Sommige wynboere het verkies dat die duiwekorrels voor die pars van die stingels verwyder word, terwyl ander die duiwetrosse netso gepars het. Volgens Mentzel was die heerlike smaak van die beroemde Constantia-wyne te danke aan die feit dat die duiwekorrels voor die parsproses van die stingels verwyder is en geen stingelsap dus met die duiwesap kon meng nie.⁸¹⁵ Die geplukte duiwe is in 'n parsbalie geplaas. Dit was 'n balie, met ronde openinge van 'n halfduim (1,27 cm) dik in die boom en sye, wat op 'n stut in 'n tweede groter balie met slegs 'n sponninggat, waardeur die uitgetrapte mos in 'n emmer of balie kon vloei, gestaan het.⁸¹⁶

Die parsproses het in die parshuis, wat terselfdertyd ook die kelder was, plaasgevind.⁸¹⁷ Gewoonlik het drie of vier **parsslawe**, met skoon voete wat in water digby die parsbalie gewas is, in die balie vol duiwe geklim en die duiwe met hulle voete getrap, terwyl hulle aan 'n tou wat van die dak af gehang het, vasgehou het.⁸¹⁸ In 1798 het lady Anne Barnard op uitnodiging van Hendrik Cloete, 'n besoek aan Groot Constantia gebring en die parsproses wat sy daar waargeneem het, beskryf:

Mynheer Cloete took us into the wine press hall, where the whole of our party made wry faces at the idea of drinking wine that had been pressed from the grapes by three pair of black feet; but the certainty that the fermentation would carry off every polluted particle settled that objection with me ... Of these presses there were four, with three slaves each.⁸¹⁹

Sy was gefassineer deur die drie halfnaakte bronsfigure in elke parsbalie wat die duiwe op maat van die musiek van een of ander musiekinstrument uitgetrap het. Tydens die eerste fase het die slawe die duiwe sagkens op 'n stadige maat uitgetrap, "the wine running out from a

⁸¹¹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 182 - 183; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 22.

⁸¹² C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 130.

⁸¹³ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 183.

⁸¹⁴ K.A.B.: SO. 6/15, pp. 16 - 17: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁸¹⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 34 en 183.

⁸¹⁶ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 183.

⁸¹⁷ *Ibid.* III, p. 183.

⁸¹⁸ C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 130; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 183.

⁸¹⁹ Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 267; M. Masson, *Lady Anne Barnard*, p. 205; D. Fairbridge, *South Africa a century ago*, pp. 156 - 157.

hole at the bottom of a barrel, pure and clear".⁸²⁰ Tydens die tweede fase is dieselfde driuwe teen 'n vinniger en sterker pas uitgetrap, terwyl die pulp en doppe tydens die derde fase deur 'n sif gedruk is. Volgens lady Anne Barnard is die drie tipes vloeistof uiteindelik gemeng, aangesien Cloete van mening was dat versnyding die kwaliteit van die wyn verhoog het.⁸²¹ Min hooggeplaastes wat die beroemde Constantia wyn plaaslik sowel as in die buiteland gedrink het, het besef dat dié wyn, danksy slawevoete, hulle wynglase bereik het. Die huishouding van Napoleon op St. Helena het onder meer dertig bottels Constantia-wyn per maand verbruik.⁸²² In 1783 het 'n besoeker aan die Kaap onder meer daarvan melding gemaak dat sekere Europese monarge, soos die Koning van Pruisie onder die kliënte van Cloete van Constantia getel het, terwyl daar ook in 'n gedig van Baudelaire na dié wyn verwys word.⁸²³

Tydens die maak van rooiwyn is die mengsel ná die parsproses met doppe en al gelaat om vir vier of vyf dae te gis, waarna die mengsel weer gepars is. Nadat die sap uit die mengsel gedruk is, is leë wynvate met muskaatneute ("muskate noten") berook waarna die wyn in die vate gegooi is.⁸²⁴ Na 'n paar dae is die wyn weer deur die slawe versigtig na ander neutberookte vate oorgegooi, terwyl die afsaksel in die eerste vate agtergebly het. Die proses is 'n hele paar keer herhaal, en met die laaste oorgooi na ander vate is 'n neut finaal oor die wyn gebrand, terwyl die dampe aanhoudend oor die wyn geblaas is. Daarna is die wynvate dig toegekurk en die wyn vir 'n paar weke stil laat lê, waarna dit verkoop of vir persoonlike gebruik in kleiner vate oorgegooi is.⁸²⁵

Tydens die vervaardiging van witwyn is die driuwesap dadelik nadat dit uitgetrap is, deur die slawe in 'n swawelberookte vat gegooi waarvan die spon of prop nie opgesit is nie, aangesien fermentasie die vat kon laat ontplof. Om die gistende driuwesap te suiwer, is dit oor 'n tydperk van etlike dae, soms tot vier maal per dag, van die een swawelberookte vat na 'n ander oorgegooi. Nadat die wyn deeglik "afgetrek" is en gestabiliseer het, is dit vir 'n paar weke ongestoord gelaat. Daarna moes dit finaal "berei" of gesuiwer word. Die wyn is deur die slawe na nuwe vate oorgegooi. 'n Halwe Berlynse kwart fyngekapte vislym, wat vooraf deeglik in wyn of water geweek is,⁸²⁶ is in 'n vol wynvat gegooi en met 'n houtspaan deurgeroer, waarna die mengsel vir 'n ruk doodstil gelaat is. Die onsuiverhede in die wyn het dan saam met die vislym na die bodem van die vat gesak om die wyn skoon en helder te laat.⁸²⁷ Indien daar na dié suiweringsproses nog onsuiverhede in die wyn was, is skoongewaste warm fyn sand of fyn

⁸²⁰ Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 267.

⁸²¹ C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms*, p. 36; D. Fairbridge, *South Africa a century ago*, pp. 156 - 157.

⁸²² C. de Bosdari, *Cape Dutch houses and farms*, p. 36.


⁸²³ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 111 - 112; M. Masson, *Lady Anne Barnard*, p. 205.

⁸²⁴ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, pp. 181 - 182; P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 150.

⁸²⁵ *Ibid. II*, p. 182; *Ibid. I*, p. 151.


⁸²⁶ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 186.

⁸²⁷ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 151.




Figuur 101: 'n Wynwa met touleier en wadrywer op pad na die Kaapse mark, volgens 'n afbeelding deur H.C. de Meillon in die Brenthurst-versameling, Johannesburg.

Uit: A.H. Smith (red.), *Cape views and costumes* (Johannesburg, 1978), p. 117.



Figuur 102: Uitspantyd vir betroubare en sober Maleierwadrywers en touleier in beheer van 'n swaargelaaide Stellenbosse wynwa oppad na Kaapstad, volgens 'n waterverfskildery deur die amateurkunstenaar Christopher Webb Smith (1793 - 1871) wat die Kaap in die 1830's besoek het.

Uit: A. Gordon-Brown, *Christopher Webb Smith. An artist at the Cape of Good Hope 1837 - 1839* (Kaapstad, 1965), p. 75



Figuur 103: 'n Kaapse wynwa met 'n bedrewe Maleierwadrywerslaaf, volgens 'n tekening in 1833 deur sir Charles D'Oyly in die Africana Museum, Johannesburg, no. 74/2539/72.

Uit: C. Pama, *Regency Cape Town* (Kaapstad, 1975), p. 96.

geskraapte kalk en wingerdstokas by die wyn gevoeg.⁸²⁸

Talle slawe was intensief by die pars sowel as fermentasie, distillings- en suiweringsproses van wyn betrokke. Alhoewel slegs drie slawe pertinent as **kelderwerkers** van Pieter Cloete in die *Slaweregister* gelys is,⁸²⁹ kan aanvaar word dat sommige van die ander sestien slawe wat as arbeiders in sy besit aangeteken is, beslis by die wynvervaardigingsproses op sy plaas betrokke was. Die drie wynkelderwerkers, Willem van die Kaap sowel as Joan en Oktober van Mosambiek, se dienste was heelwaarskynlik op 'n deurlopende basis tot die kelder beperk.

Nadat die wyn markgereed was, is dit deur die **wadrywers**, wat meesal betroubare sober Maleierslawe en "baster-hottentotte" was,⁸³⁰ na Kaapstad vervoer (**Fig. 101, 102 & 103**). Vir die taak het Hendrik Cloete in 1816 vyf slawe as wadrywers in diens gehad,⁸³¹ terwyl Pieter Cloete ses slawe vir dié doel aangewend het.⁸³²

Na die parstyd het die tydperk van harde werk op die akkerbouplaas eers vir 'n wyle tot stilstand gekom en is die arbeid van die slawe en alle ander werkers met 'n fees beloon.⁸³³

Slawe was ook betrokke by die bewerking en verwerking van die neweprodukte wat van wingerdbou verkry is, soos die maak van brandewyn, dopbier, asyn en rosyne. Brandewyn is van die afsaksels en doppe wat in die laaste pars oorgebly het, vervaardig. In sy kritiese styl het Barrow die kwaliteit van die Kaapse brandewyn as minderwaardig afgemaak. De Jong het egter ook bevestig dat "deze [brandewijn] is over het algemeen niet zoo goed ..."⁸³⁴ Volgens Barrow was die bestanddele swak, "the materials thrown into the still are of the grossest kind, the greatest part being the expressed husks and stalks of the grapes".⁸³⁵ Daarbenewens was die slawe wat vir die vervaardigingsproses verantwoordelik was, onbevoeg en ongemotiveerd: "He falls asleep; the fire goes out; a rapid blaze succeeds to make up for loss of time; the spirit carries over with a strong empyreumatic flavour which it never loses."⁸³⁶

Nog 'n neweproduk wat van die wynbou verkry is, was die sogenaamde "dopbier", wat met die oog op verkope aan slawe en Khoikhoi, gemaak is. In die omgewing van Bottelary het Mentzel die vervaardiging van dié produk gadeslaan. Die afsaksel, doppe en stingels van klaar geparste wyn, is alles saam in balies geplaas en water daarvoor gegooi, waarna dit ongesteurd gelaat is om te fermenteer.⁸³⁷ Weens die bitter stingels daarin het dié drank 'n uiters onaangename en onaanzaakbare smaak gehad. Nogtans was dit baie gewild onder die

⁸²⁸ P. Kolbe, *Naaukeurige en uitvoerige beschryving van de Kaap de Goede Hoop I*, p. 151; O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 186.

⁸²⁹ K.A.B.: SO. 6/15, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁸³⁰ R.C.-H. Shell, *De Meillon's people of colour*, p. 12.

⁸³¹ K.A.B.: SO. 6/15, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁸³² K.A.B.: SO. 6/15, p. 24: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁸³³ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 27.

⁸³⁴ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 98.

⁸³⁵ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798, I*, p. 66.

⁸³⁶ *Loc. cit.*

⁸³⁷ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 59 en 183 - 184.

slawe en Khoikhoi.⁸³⁸ Tydens die maak van rosyne het slawe die byna oorryp druiwe in kokende potaswater gedoop en in die son uitgepak om droog te word. 'n Slaaf met 'n strooiwaaier het die wespe, hommelse en ander insekte weggehou.⁸³⁹ Asyn is van druiwe wat in die koeler berggebiede gegroei het, vervaardig. Die boere het 'n goeie afset vir asyn in Kaapstad gehad, aangesien buitengewoon groot hoeveelhede in die stad verbruik is, terwyl die besoekende skepe ook asyn, veral vir preserving, benodig het.⁸⁴⁰

Met die wynafsaksel wat slawe tydens die wynmaakproses uit die vate moes verwyder, is heerlike veerligte koeke en ander gebak, soos mosbolletjies, mosbrood, krakelinge en tempies, deur die slawebakkers in die Kaapse huishoudings gebak.⁸⁴¹

Met die afhandeling van die jaarlikse arbeidsroetine op die wingerd- en graanplase is dit van belang om die daaglikse arbeidsroetine van landbouslawe op die akkerbouplase kortliks te bespreek. In die somer het die slawe halfvyf en in die winter sesuur soggens opgestaan. Die dag het gewoonlik twee werkskifte gehad. Die eerste skof was vanaf dagbreek tot tienuur in die oggend en vanaf twaalfuur tot vier- of vyfuur in die namiddag. Met die aanvang van die winter en die ploegtyd het slawe soggens voor werk elk 'n beker brandewyn en 'n klein snytjie brood ontvang. Teen tienuur het die slawe vir middagete teruggekeer, nadat hulle die osse uitgespan en aan die beeswagters oorhandig het. Na middagete teen ongeveer twaalfuur, het die beeswagters die osse na die huis aangejaag waar die slawe hulle voor die ploë ingespan het. Teen twee-uur was dit teetyd. Nadat die slawe klaar geploeg het, het hulle die osse uitgespan en vir nog 'n uur of wat in die veld laat wei. Teen sesuur die aand het die veewagters met die beeste, perde, skape en varke uit die veld teruggekeer en elke veesoort in sy eie kraal gejaag. Die saalperde is snags op stal gehou. Na dié take, kon aandete teen ongeveer agtuur genuttig word, waarna die slawe met 'n pyp en tabak om die vuur ontspan en gesels het. Daarna het hulle hulle hoofde vir 'n welverdiende rus neergelê.⁸⁴²

Met die aanvang van die lente het die daaglikse roetine effens verander en het die plaasslawe sesuur soggens opgestaan. Teen agtuur het beide die boer en sy slawe ontbyt geneem wat uit vleis bestaan het. Tydens die wingerdoes het druiwe ook deel van die ontbyt uitgemaak. Teen twaalfuur is middagete genuttig, waarna tot drieuur gerus is en die tweede werkskof 'n aanvang geneem het. Om sewe-uur het die veewagters met die veetroppe uit die veld teruggekeer en die vee in hulle onderskeie krale besorg.⁸⁴³ Daarna kon die slawe ontspan en hulle vir die nag se rus gereed maak. Die roetine het 'n sekere mate van stabiliteit aan die slaaf se lewe verleen. Hy het geweet wat sy daaglikse taak was en het daarom sy lot met 'n mate van tevredenheid en gelatenheid aanvaar. Daar was selfs sprake dat die slawe heel gelukkig in hulle gebondenheid was.⁸⁴⁴

Op die gemengde akkerbouplaas was slawe by talle ander arbeidsaktiwiteite – soos onder meer tuinbou – betrokke. Vruchte-, groente- en kruieproduksie is aktief op die akkerbouplase

⁸³⁸ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 183 - 184.

⁸³⁹ *Ibid.* III, pp. 179 en 187.

⁸⁴⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 187.

⁸⁴¹ *Ibid.* III, p. 186; R. Coetzee, *Spys en drank*, pp. 59 en 61.

⁸⁴² O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, pp. 108 - 109.

⁸⁴³ *Loc. cit.*

⁸⁴⁴ *Loc. cit.*

beoefen. “One may be sure that after laying out his vineyard, everyone chooses his next piece of ground for gardening”, aldus Mentzel.⁸⁴⁵ As **tuiniers** was slawe dus onontbeerlik op die akkerbouplaas. Tas se slawe moes onder meer mis vir die tuine aanry en eikebome plant.⁸⁴⁶ In sy beskrywing van Constantia het Valentyn onder meer melding van die oorfloed tuinbougewasse op dié akkerbouplaas gemaak, wat onder meer “zeltzaame boomen, keurlyke wynstokken en verdere gewasschen, planten, en heesters” sowel as die “schoonste en uitgezogste vrugten van de Kaap” ingesluit het.⁸⁴⁷ Met sy besoek in 1825 aan Constantia het dit Teenstra opgeval dat die groot tuin, wat “rijk [is] aan verschillende soorten van fijne vruchtboomen, heesters en bloemen” netjies onderhou is.⁸⁴⁸ ‘n Hele paar slawearbeiders het waarskynlik onder ‘n hooftuinier dié boorde en tuine bewerk en in stand gehou. Valentyn het in die vroeë agtiende eeu melding gemaak van die huis van “den Thuinier, of opziender”.⁸⁴⁹ In 1816 is die slaaf Gert van die Kaap pertinent as tuinier van Hendrik Cloete van Groot Constantia in die *Slaweregister* gelys.⁸⁵⁰ Heelwaarskynlik was hy op ‘n deurlopende basis die hooftuinier op Groot Constantia, met ander slawe wat hom periodiek bygestaan het. Dieselfde geld vir Sabunga van Madagaskar, wat op 10 Augustus 1818 as tuinier van die akkerbouboer Pieter Cloete aangedui is.⁸⁵¹ Wat Vergelegen in die tyd van W.A. van der Stel betref, het Bogaert van “een meenigte van zeldzame bomen en gewasschen” melding gemaak.⁸⁵² Sestig morge (ongeveer 55 hektaar) grond is in die eerste helfte van die agtiende eeu op Vergelegen vir die verbouing van vrugte en groente benut.⁸⁵³ Daar kan dus afgelei word dat van die “wel hondert stuks van de beste slaven en slavinnen der Maatschappye”⁸⁵⁴ sowel as van die meer as 200 slawe wat hy “voor syne eygen gelden, en tot syn particulieren dienste hadde gekoff”,⁸⁵⁵ by die aanplanting, bewerking, versorging en instandhouding van die tuine betrokke was. Op Meerlust is onder meer ook groente verbou, want op 20 Januarie 1706 het Adam Tas “eenige groenten” van dié plaas ontvang.⁸⁵⁶

By implikasies sou slawe by die pluk en voorbereiding van vrugte vir die mark betrokke gewees het, terwyl hulle ook vrugte sou droog. Dié aktiwiteit word onder die arbeid van die binnelandse slawe bespreek.

Soos reeds vermeld, was boerdery op die akkerbouplase gediversifiseerd en het boere in dié streek ook vee aangehou. Weens die afwesigheid van heinings, is slawe as **veewagters** en

⁸⁴⁵ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 190.

⁸⁴⁶ A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 38, 42 en 80.

⁸⁴⁷ F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende I*, pp. 194 - 196.

⁸⁴⁸ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 418 - 419.

⁸⁴⁹ F. Valentyn, *Beschryvinge van de Kaap der Goede Hoop met de zaaken daar toe behoorende I*, p. 194.

⁸⁵⁰ K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁸⁵¹ K.A.B.: SO. 6/15, p. 23: Register of Slaves, 1818-08-10.

⁸⁵² A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, p. 475.

⁸⁵³ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 47.

⁸⁵⁴ A. Bogaert, *Historische reizen door d' oostersche deelen van Asia III*, p. 496.

⁸⁵⁵ J.L. Hattingh, Die klagte van goewerneur W.A. van der Stel se slawebesit - ‘n beoordeling met behulp van kwantitatiewe data, *Kronos* 7, 1983, p. 17.

⁸⁵⁶ A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), p. 160.

-versorgers ingespan.⁸⁵⁷ In 1817 het Johan Veyll in die Kaapse distrik oor sestien veewagterslawe beskik wat beeswagters, skaapwagters en perdeoppassers ingesluit het.⁸⁵⁸ Dit was 'n algemene gebruik om veral ouer slawe, wat nie meer vir die fisies veeleisende werk op die lande geskik was nie, as veewagters uit te sonder.⁸⁵⁹ 'n Lys van slawe wat in 1820 tydens openbare veiling te Stellenbosch verkoop is, dui daarop dat die gemiddelde ouderdom van die twaalf veewagters 48 jaar was, terwyl dié van ander slawemans 32 jaar was.⁸⁶⁰ Dieselfde tendens blyk uit die *Slaweregister* wat gedurende die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is. Van die vyf veewagters wat in 1816 aan Hendrik Cloete behoort het, was die twee skaapwagters, Manuel van Mosambiek en Castor van Boegies, albei sestig jaar oud.⁸⁶¹ Van die nege veewagters wat aan Pieter Cloete behoort het, was slegs die dertigjarige Joan relatief jonk, terwyl beide die Mosambiekse slawe, Sanprender en July, sowel as Fortuin van Malabar veertig jaar oud was, Solon van Java en Serrang van Ternate 45 jaar, Compas en Samson, beide van Mosambiek, vyftig jaar en Pedro van Malabar wat sestig jaar oud was.⁸⁶² In 1816 is die vyftigjarige Job van Bengale sowel as die sestigjarige Plesier van Madagaskar as veewagters van Jacob van der Merwe van Stellenbosch in die *Slaweregister* aangeteken.⁸⁶³ Slaweveewagters was veral aan die gevare van roofdiere blootgestel. In die 1770's het Sparrman verneem van 'n slawebeeswagter wat op die sandvlakte tussen Kaapstad en Paarl deur 'n tier (luiperd) aangeval is. Alhoewel hy ernstig beseer is, het hy nogtans met sy lewe daarvan afgekóm.⁸⁶⁴ Behalwe as veewagters, was slawe ook by die versorging van die veekrale betrokke. In sy dagboek het Tas melding gemaak van droë strooi wat in die veekrale ingery is.⁸⁶⁵

Ter aanvulling van die voedselvoorrade is plaasslawe van tyd tot tyd deur hulle eienaars opdrag gegee om te gaan visvang. Op 10 Julie 1705 was ses van Adam Tas se slawe deel van 'n groep vissers wat met 'n treknet by die kus gaan visvang het om op 14 Julie met twintig steenbra's terug te keer.⁸⁶⁶ Op 20 Junie 1816 is die slaaf September van Makassar as visserman van Hendrik Cloete in die *Slaweregister* aangeteken,⁸⁶⁷ wat daarop dui dat September heelwaarskynlik op 'n deurlopende basis in dié hoedanigheid in diens was.

Net soos in Kaapstad die geval was, moes slawe in die akkerbougebied as **brandgoedhalers** en **houtkappers** diens verrig. In 1820 is die slaaf Jeptha van die Kaap pertinent as houtkapper van Hugo Mostert in die *Slaweregister* gelys.⁸⁶⁸ Die blootstelling aan die elemente en die aard

⁸⁵⁷ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 23; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 158.

⁸⁵⁸ K.A.B.: SO. 6/33, p. 71: Register of Slaves, 1817-01-25.

⁸⁵⁹ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 81 en 88.

⁸⁶⁰ K.A.B.: 1/STB. 22/151: Register of Slaves sold at public auctions in Stellenbosch district, 1820 - 1822.

⁸⁶¹ K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁸⁶² K.A.B.: SO. 6/15, p. 25: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁸⁶³ K.A.B.: SO. 6/94, p. 11: Register of Slaves, 1816-07-29.


⁸⁶⁴ A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, II* (red. V.S. Forbes), p. 193.

⁸⁶⁵ A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 38 en 42.

⁸⁶⁶ *Ibid.*, p. 74.

⁸⁶⁷ K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁸⁶⁸ K.A.B.: SO. 6/95, p. 182: Register of Slaves, 1820-04-29.



Figuur 104: 'n Plaasslaaf besig om kerse te maak, volgens 'n afbeelding deur lady Anne Barnard. Skaapstertvet, wasboombessies en gannabos-as was belangrike bestanddele by die maak van Kaapse kerse.

Uit: D. Fairbridge (red.), *Lady Anne Barnard at the Cape of Good Hope 1797 – 1802* (Oxford, 1924), teenoor p. 40.

van die werk, het 'n nadelige invloed op die gesondheid van die houthalerslawe gehad.⁸⁶⁹ In 1767 het 'n slaaf wat teen die hange van die Hottentots-Hollandberge gaan hout soek het, inderdaad weens blootstelling omgekom.⁸⁷⁰

Plaasslawe het voorts 'n verskeidenheid take verrig. Tydens die redelike kalmer tyd voor die koringoes is slawe soms ingespan om stene te maak en te bak.⁸⁷¹ Met sy besoek aan die plaas Bergvliet van Hendrik Eksteen in die 1790's het De Jong opgemerk dat 25 slawe besig was om moerasgrond droog te lê, terwyl dertig slawe palmiet uitgekapt het. Danksy slawearbeid kon Eksteen "eene onvruchtbare en onaangename moeras, de woonplaats van slangen en kikvorsten, in een heerlyk stuk gronds hervormd, het schoonste koorn draagt ..." ⁸⁷²

Die pluk van ryp wasboombessies en die maak van waskerse,⁸⁷³ was nog 'n aktiwiteit waarby die akkerbouslawe, veral gedurende die maande Junie en Julie, betrokke was.⁸⁷⁴ Die bessies wat plantaardige was opgelewer het, was afkomstig van die struik *myrica cerifera* wat volop op die effe droër moerasagtige grond naby die kus gegroei het.⁸⁷⁵ Vir die maak van waskerse is groot hoeveelhede bessies in ysterpote oor die vuur gekook tot die was bo-op die water gedryf het. Hierna is dit afgeskep en met uitgekookte skaapvet gemeng.⁸⁷⁶ Tydens haar besoek in 1797 aan ds. Aling van die Paarl het lady Anne Barnard opgemerk dat die slawe van mevrou Aling besig was om die was van bessies af te kook, "of which I saw a stock of green dull candles made".⁸⁷⁷ Nadat 'n slaaf kerspitte van ou linnelap of verslete kouse gedraai het, het hy dit herhaaldelik met die gesmelte kerswasmengsel bedek tot die kerse die verlangde dikte gehad het ⁸⁷⁸ (Fig. 104).

Slawe was ook by die maak van suiker van suikerbosstroop betrokke. Sodra die suikerbos in blom was, het die slawe soggens vroeg uitgegaan om die blomme, wat nog vol dou was, af te pluk en die stroop in emmers uit te skud.⁸⁷⁹ Hierna is dit deur 'n doek gegooi om dit te suiwer en tot 'n dik stroop gekook. Dié hardgekookte stroop, wat 'n medisinale smaak gehad het, is as ronde balletjies by tee voorgesit, as bestanddeel in die bereiding van kos en die kook van

⁸⁶⁹ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa in the years 1797 and 1798*, I, p. 44.

⁸⁷⁰ K.A.B.: CJ. 3175: Verklaring van Andreas Greeff, 1767-08-20.

⁸⁷¹ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 106.

⁸⁷² C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, II, pp. 66 - 67.

⁸⁷³ H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806*, II, pp. 179 - 180.

⁸⁷⁴ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, I, p. 90.

⁸⁷⁵ J. Barrow, *An account of travels into the interior of Southern Africa II*, p. 303.

⁸⁷⁶ H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806*, II, p. 180.

⁸⁷⁷ Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 249.

⁸⁷⁸ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797*, I, p. 90.

⁸⁷⁹ *Ibid.* II, pp. 113 - 114.

konserf gebruik⁸⁸⁰ en bowenal “als een souverain borstmiddel” benut.⁸⁸¹ Slawearbeid was onontbeerlik in die maak van botter. In die 1770’s het Thunberg opgemerk dat botter daaglik op die Paarlse plase gekarring is.⁸⁸² Aangesien botter sowel as seep op groter skaal in die binneland vervaardig is, word dit onder die aktiwiteite van die binnelandse plaasslawe bespreek.

Soos reeds vermeld, het slawe as wadrywers ‘n belangrike en onontbeerlike funksie op die akkerbouplaas vervul. **Slawekoetsiers** was onder meer betrokke by die vervoer van die eienaar en sy gesin. In sy dagboek maak Adam Tas telkens melding van die “paardenwagen” as gebruiklike vervoermiddel,⁸⁸³ terwyl talle voorbeelde van slawekoetsiers in die *Slaweregister* voorkom. In 1816 is Wensa van die Kaap as koetsier van Hendrik Cloete in die *Slaweregister* gelys,⁸⁸⁴ terwyl drie slawe in dieselfde jaar as koetsiers van Lambertus Johannes Colijn aangeteken is. Hulle was Present, Gabriel en Adam, aldrie van die Kaap.⁸⁸⁵ Frederik, Keizer en Adriaan, aldrie van die Kaap, was as koetsiers in diens van Pieter Laurens Cloete,⁸⁸⁶ terwyl Achilles van die Kaap en Geduld van Mosambiek die koetsiers van Daniel Malan van Stellenbosch was.⁸⁸⁷

Akkerbouslawe was ook **boodskapdraers, kruiers en gidse** vir reisigers.⁸⁸⁸ Boodskappe is veral te perd oorgedra. Op Sondag 27 Desember 1705 het Tas in sy dagboek aangeteken dat die slawe van ene Appel en dominee P. Kalden, te perd oor sy plaas gery het om die nuus van die weggespoelde koring oor te dra.⁸⁸⁹ Soms moes plaasslawe ook die rol van **jagters** vervul. In die 1790’s was De Jong ooggetuie van Cloete wat met ‘n hele paar honde, sy jonger broer en twee slawe gaan jag het,⁸⁹⁰ terwyl lady Anne Barnard tydens die Eerste Britse Besetting melding gemaak het van die slaaf Adonis, “the gamekeeper or rather gamekiller” wat sy op een van die akkerbouplase opgemerk het.⁸⁹¹

Soos reeds in die studie vermeld, is slawekinders op ‘n jeugdige ouderdom as algemene plaasarbeiders ingespan. In 1816 is die dertienjarige Joemat en veertienjarige Piet as arbeiders van Dirk Cloete in die *Slaweregister* gelys,⁸⁹² terwyl die drie vyftienjarige slawe Jonathan,

⁸⁸⁰ Lady Anne Barnard, *The Cape journals of lady Anne Barnard 1797 - 1798* (red. A.M.L. Robinson e.a.), p. 220.

⁸⁸¹ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 98.

⁸⁸² C.P. Thunberg, *Travels at the Cape of Good Hope, 1772 - 1775* (red. V.S. Forbes), p. 40.

⁸⁸³ A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 50, 54, 80, 98, 100, 176 en 198.

⁸⁸⁴ K.A.B.: SO. 6/15, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁸⁸⁵ K.A.B.: SO. 6/15, p. 30: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁸⁸⁶ K.A.B.: SO. 6/15, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁸⁸⁷ K.A.B.: SO. 6/94, p. 8: Register of Slaves, 1816-07-25; SO. 6/94, p. 156: Register of Slaves, 1819-05-05.


⁸⁸⁸ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 87.

⁸⁸⁹ A. Tas, *Dagboek van ... 1705 - 1706* (red. L. Fouché), pp. 136, 176 en 198.

⁸⁹⁰ C. de Jong, *Reizen naar de Kaap de Goede Hoop, Ierland en Noorwegen in de jaren 1791 tot 1797, I*, p. 47.

⁸⁹¹ Lady Anne Barnard, *The letters of lady Anne Barnard to Henry Dundas from the Cape and elsewhere, 1793 - 1803* (red. A.M.L. Robinson), p. 129.

⁸⁹² K.A.B.: SO. 6/84, p. 12: Register of Slaves, 1816-09-24.



(a)

(b)

Figuur 105 a en b: Dekoratiwe smee-ysterwerk aan weerskante van Grootse Schuur se voordeur wat aanvanklik deur 'n ystermidslaaf op Elsenburg vir dié plaashuis se voordeur gemaak is.

Uit: P. Brooke Simons, *Grootse Schuur. Great granary to stately home* (Vlaeberg, 1996), p. 51.

Titus en Claas sowel as die dertienjarige Andries arbeiders van Hendrik Cloete was.⁸⁹³ Die veertienjarige Gillion en die twee vyftienjarige slawe Jason en Abdool was arbeiders in diens van Lambertus Johannes Colijn.⁸⁹⁴

Alhoewel die meerderheid slaweambagslui in Kaapstad saamgetrek was, het geskoolde **ambagslui** hulleself wel op die selfonderhoude plase van sommige welgestelde akkerbouboere bevind.⁸⁹⁵ In die 1770's het Stavorinus onder meer na die ambagslui op Elsenburg, die plaas van Martin Melck langs die Eersterivier naby Stellenbosch, verwys. Die meerderheid was Oosterse slawe wat onder meer as smede, timmerlui en wamakers in die werkwinkels diens verrig het. Melck het een van die slawe wat 'n bedrewe ystersmid en wamaker was, teen 'n aansienlike bedrag van 1 500 riksdaalders aangekoop.⁸⁹⁶ Die handewerk van 'n ystersmidslaaf van Elsenburg kan in die dekoratiewe smee-ysterwerk van Groote Schuur se voordeur besigtig word.⁸⁹⁷ (Fig. 105). Tydens sy besoek aan Meerlust in die vroeg-negentiende eeu het Lichtenstein opgemerk dat slawe sowel as vry persone, ambagslui op dié plaas van Philip Meyburg was. Hierdie ambagslui het 'n belangrike rol in die selfvoorsienendheid van die plaas gespeel, aangesien alles wat nodig was, "whether of cloathes [*sic*], furniture, implements for husbandry, or tools of any other kind, are made upon the spot ...".⁸⁹⁸ Die dienste van die slawemesselaars, -smede, -wamakers, -meubelmakers, -kleremakers en ander slaweambagslui van Meerlust was ook tot beskikking van Meyburg se bure en is selfs aan hulle uitverhuur.⁸⁹⁹

Soos in geval van Elsenburg, waar die meeste ambagslui Oosterse slawe was, was byna al die ambagslawe op die Stellenbosse plaas van Dirk Cloete in 1816 van Oosterse herkoms. Primo van Batavia was die grofsmid, Hector en Trambland van Batavia die skrynwerkers, terwyl Jason van Batavia die messelaar, Damon van Malabar die skoenmaker en Isak sowel as Africa van die Kaap die kleremakers was.⁹⁰⁰ Pieter Laurens Cloete het in 1816 onder andere drie skrynwerkers, twee kleremakers, twee messelaars en een skoenmaker besit.⁹⁰¹ Hendrik Cloete van Groot Constantia was in dieselfde tyd in besit van die skrynwerker Bacchus van Bencoolen, die twee kleremakers Caesar van Bengale en Lafleur van die Kaap, die twee messelaars September van Java en Mey van Batavia, die skoenmaker September van Malabar sowel as die kuiper Phillis van Ambon.⁹⁰² Op 22 Junie 1816 is die volgende slaweambagslui as eiendom van Lambertus Johannes Colijn in die *Slaweregister* gelys: Lendor van Madagaskar as skrynwerker, Damon van Makassar as skoenmaker, David van die Kaap as kleremaker, Joël van Mosambiek as grofsmid, Timor van Timor as messelaar en Ontong van Makassar as mandjiemaker.⁹⁰³ Drie jong slawe was onderskeidelik vakleerlinge in skrynwerk, skoenmakery

⁸⁹³ K.A.B.: SO. 6/15, p. 17: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁸⁹⁴ K.A.B.: SO. 6/15, pp. 30 - 31: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁸⁹⁵ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 87.

⁸⁹⁶ J.S. Stavorinus, *Reize van Zeeland over de Kaap de Goede Hoop, naar Batavia, Samarang, Macassar, Amboina, Suratte, enz. gedaan in de jaaren MDCCLXVIII tot MDCCLXXI, I*, pp. 52 - 53.

⁸⁹⁷ Lady Duff-Gordon, *Letters from the Cape* (red. D. Fairbridge), p. 17.

⁸⁹⁸ H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 and 1806, II*, p. 138.


⁸⁹⁹ *Loc. cit.*

⁹⁰⁰ K.A.B.: SO. 6/84, pp. 12 - 14: Register of Slaves, 1816-09-24.

⁹⁰¹ K.A.B.: SO. 6/15, pp. 23 - 24: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁹⁰² K.A.B.: SO. 6/15, pp. 16 - 17: Register of Slaves, 1816-06-20

⁹⁰³ K.A.B.: SO. 6/15, p. 30: Register of Slaves, 1816-06-22.



Figuur 106: 'n Veertienman slaweorkes geklee in militêre uniforms, onder die eikebome op Bergvliet tydens die verwelkoming van lord Charles Somerset deur Eksteen op sy plaas in 1821, volgens 'n potloodtekening waarskynlik deur lady Anne Barnard.

Uit: A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana* (Kaapstad, 1975), p. 54.

en kuiperij.⁹⁰⁴ Op 29 Augustus 1816 was Abraham Johannes Marais in besit van drie wamakers, te wete October van Ceylon, Robo van Batavia en Mentor van Mosambiek,⁹⁰⁵ terwyl Jan Morel in besit van vier slawemesselaars was.⁹⁰⁶ In 1827 is Galant van Madagaskar as dakdekker van Johannes Minnaar van Stellenbosch in die *Slaweregister* aangeteken.⁹⁰⁷

‘n Sekere slawebesitter in die akkerboustreek het ‘n rondtrekkende groep van sestien slawe gehad waarmee hy messelwerk deur die hele Kolonie verrig het.⁹⁰⁸ Sommige Kaapstadse slaweambagslui, soos skrynwekers en smede, is soms aan boere in die landelike gebiede uitverhuur.⁹⁰⁹ Die pragtige Kaaps-Hollandse plaasopstalle wat in die agtiende en negentiende eeu in die Suidwes-Kaap opgerig is, is in ‘n groot mate die handwerk van slawebouers, -messelaars, -dekkers, -skrynwerkers en -verwers.

Slawearbeid op die arbeidsintensiewe akkerbouplaas het voltydse toesig en streng dissipline vereis. In dié opsig het die reeds vermelde knegte en **slawemandoors** ‘n belangrike rol gespeel. Op sommige van die groot akkerbouplase is senior Kaapsgebore slawemans as mandoors of “slawedrywers” aangestel. Slawemandoors was betroubare individue wat spesiale voorregte geniet het,⁹¹⁰ soos die mandoor op Martin Melck se plaas wat toegelaat is om by slavinne te slaap.⁹¹¹ Dié mandoor het onder meer gesag gevoer oor die slawe wat tydens parstyd in die wynkelders werksaam was, terwyl die meerderheid slawe met die druiwe-oes in die wingerde besig was.⁹¹² In 1816 is Adam van die Kaap as slawetoesighouer van Hendrik Cloete in die *Slaweregister* gelys.⁹¹³

Sekere welgestelde akkerbouboere was in besit van **slawemusici** en selfs slaweorkeste. In die *Slaweregister* is die sestigjarige Makelaar van Madagaskar in 1816 as slawemusikant van Hendrik Cloete aangeteken.⁹¹⁴ ‘n Illustrasie wat in 1821 waarskynlik deur lady Anne Barnard gemaak is (**Fig. 106**), dui aan dat ‘n slaweorkes deel van die ontvangs van Lord Charles Somerset op die plaas Bergvliet van Hendrik Oostwald Eksteen was. In 1838 het Eksteen sy slaweorkes uitgehuur om tydens die besoek van die Prins van Oranje by Constantia op te tree.⁹¹⁵ Tydens sy besoek aan Klein Constantia in 1825 het Teenstra melding gemaak van die sestien slawemusikante van weduwee Colijn wat ‘n “volmaakte veldmusiek” met al die instrumente wat daarvoor benodig word, net so goed “als het beste Engelsche korps in de

⁹⁰⁴ K.A.B.: SO. 6/15, p. 31: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁹⁰⁵ K.A.B.: SO. 6/94, p. 22: Register of Slaves, 1816-08-29.

⁹⁰⁶ K.A.B.: SO. 6/94, p. 37: Register of Slaves, 1816-09-25

⁹⁰⁷ K.A.B.: SO. 6/94, p. 43: Register of Slaves, 1827-05-12.

⁹⁰⁸ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 164.

⁹⁰⁹ K.A.B.: 1/STB. 3/13, p. 14: Krimineel verklarings, pleidooie en interrogatorien, Getuienis van Matthias Hoffman, Januarie 1794.

⁹¹⁰ R. Ross, *Cape of Torments*, p. 29; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 88.

⁹¹¹ R. Ross, *Opression, sexuality and slavery at the Cape of Good Hope*, *Historical Reflections* 6, 1979, pp. 429 - 430.

⁹¹² N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 88.

⁹¹³ K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁹¹⁴ K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁹¹⁵ A. Gordon-Brown, *Pictorial Africana*, p. 54; J. Walton, *Old Cape farmsteads*, p. 49.



Figuur 107: In alle omstandighede tot diens van die meester – ‘n kaartspelende, rokende Hendrik Cloete van Groot Constantia met ‘n livreislaaf wat sy langsteelpyp vashou, volgens ‘n anonieme potloodtekening teen ongeveer 1788 in die Swellengrebel-versameling, Hilversum.

Uit: G.J. Schutte (red.), *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel Jr. oor Kaapse sake, 1778 – 1792* (Kaapstad, 1982), frontespies.

Kaapstad” uitgevoer het.⁹¹⁶ Uit haar ete-uitnodiging aan Teenstra en sy geselskap blyk dit dat dié slaweorkes ook die tafelmusiek verskaf het.⁹¹⁷

Wat duidelik afgelei kan word, is dat daar ‘n duidelike onderskeid tussen die algemene arbeiders en die **huishoudelike slawe** op die akkerbouplaas bestaan het. Huishoudelike slawe was in ‘n meer bevoorregte posisie as die ander plaasslawe, veral ten opsigte van die tipes arbeid wat hulle verrig het sowel as hulle groter betrokkenheid by die daaglikse lewe van die burgerfamilie.⁹¹⁸ Huishoudelike slawe wat hoofsaaklik vroue was, het take in en om die huis verrig, wat onder meer die maak van botter en kaas vir huishoudelike gebruik, die versorging en slag van pluimvee vir die huis sowel as die instandhouding van die huishoudelike groentetuin behels het.⁹¹⁹ Mentzel het waargeneem dat die slavinne meesal vir die melk van die koeie verantwoordelik was, alhoewel slawemans tydens druktye wel met die melkery uitgehelp het, “with this exception it is always the work of the female slaves”.⁹²⁰ Op 31 Augustus 1824 is Willem van die Kaap as melkman van Hugo Mostert van Stellenbosch in die *Slaweregister* aangeteken.⁹²¹ Slawemans het ook as **huisbediendes** diens verrig, soos Damon en Carolus – beide van die Kaap – wat in die huishouding van Dirk Cloete huisbediendes was.⁹²² In 1816 was Jamaay en Phillip, beide van die Kaap, sowel as Fortuin van Bengale huisbediendes van Hendrik Cloete.⁹²³ ‘n Illustrasie uit 1772 dui aan dat Hendrik Cloete ‘n **livreislaaf** in diens gehad het wat onder meer sy lang pyp moes vashou terwyl hy kaart gespeel het (**Fig. 107**).⁹²⁴ Manlike slawebediendes was in die minderheid. Volgens die *Slaweregister* was nie minder nie as twintig slavinne in 1816 algemene huisbediendes in die huishouding van Hendrik Cloete.⁹²⁵ Teenoor die ses manlike slawebediendes was daar in 1816 sewentien vroulike huisbediendes in die huishouding van Pieter Cloete.⁹²⁶ Jeugdige slafies het ook hulle plek as huisbediendes volgestaan, soos die geval was met die veertienjarige Carolus en vyftienjarige Styntje, beide van die Kaap, in die huishouding van Dirk Cloete.⁹²⁷ In die huishouding van Hendrik Cloete was die twee vyftienjarige slavinnetjies Spasie en Alida, die veertienjarige Aploon en Sitie en die dertienjarige Hester as huisbediendes werksaam.⁹²⁸ Op 22 Junie 1816 is die twaalfjarige Abraham van die Kaap as deel van die huisbediendes van Pieter Cloete in die *Slaweregister* gelys.⁹²⁹ Net soos die dorpslawe, was die huisbediendes skoonmakers en algemene bediendes wat orde en netheid in die eienaar se huishouding moes verseker.

⁹¹⁶ M.D. Teenstra, *De vruchten mijner werkzaamheden*, pp. 422 - 423.

⁹¹⁷ *Ibid.*, p. 423.

⁹¹⁸ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 90.

⁹¹⁹ *Ibid.*, p. 87.

⁹²⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope III*, p. 205.

⁹²¹ K.A.B.: SO. 6/95, p. 182: Register of Slaves, 1824-08-31.

⁹²² K.A.B.: SO. 6/84, pp. 15 en 58: Register of Slaves, 1818-03-19, 1830-10-06.

⁹²³ K.A.B.: SO. 6/15, pp. 17 - 18: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁹²⁴ G.J. Schutte (red.), *Briefwisseling van Hendrik Swellengrebel Jr. oor Kaapse Sake 1778 - 1792*, frontispies.

⁹²⁵ K.A.B.: SO. 6/15, pp. 18 - 19: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁹²⁶ K.A.B.: SO. 6/15, pp. 23 - 26 en 42: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁹²⁷ K.A.B.: SO. 6/84, p. 15: Register of Slaves, 1816-09-24.

⁹²⁸ K.A.B.: SO. 6/15, p. 19: Register of Slaves, 1816-05-20.

⁹²⁹ K.A.B.: SO. 6/15, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-22.

Daarbenewens was die slavinne ook **soogvroue**⁹³⁰ en **kinderbediendes**.⁹³¹ Jeugdige slafies was die speelmaats van die blanke kinders, terwyl die ouer meer verantwoordelike slawekinders babawagters en kinderbediendes was.⁹³²

Min huishoudings was sonder **naaldwerksslavinne**. Tydens sy reis na die Paarl het Sparrman tydens 'n reënbui skuiling in 'n plaashuis gevind, "where I found the female slaves singing psalms, while they are at their needle-work".⁹³³ In die *Slaweregister* is talle voorbeelde van slawenaaldwerksters wat in diens van plattelandse huishoudings was.⁹³⁴ Uit die *Slaweregister* is dit duidelik dat byna geen huishouding sonder **wasvroue** kon klaarkom nie. In 1816 het Hendrik Cloete onder meer drie waslavinne in sy huishouding gehad.⁹³⁵ In die huishouding van Dirk Cloete van Stellenbosch was Calelie van Mosambiek die wasvrou,⁹³⁶ terwyl Constance van die Kaap en Spasie van Mosambiek in 1816 waslawe in die huishouding van Lambertus Johannes Colijn was.⁹³⁷

Slawekokke en **-bakkers** was 'n algemene verskynsel in die huishouding op die Kaapse akkerbouplaas. In 1816 is Lafleur van Malabar sowel as Manas van Ceylon as kokke van Hendrik Cloete in die *Slaweregister* gelys,⁹³⁸ terwyl England van Mauritius en Constance van Mosambiek die kokke en Cupido van Malabar die bakker in die huishouding van Dirk Cloete was.⁹³⁹ Pieter Laurens Cloete was in besit van vyf kokke, te wete Alexis van Mauritius en die Mosambiekse slawe Mammodie, Fortuin, Thomas en Manille.⁹⁴⁰ In 1817 is Rachel van Mosambiek as kok van die Stellenbosse boer Johannes Mechau in die *Slaweregister* gelys,⁹⁴¹ terwyl Cornelia van die Kaap in 1819 die kok in die huishouding van Hendrik Mostert van Stellenbosch was.⁹⁴²

Tydens etes het slawe as **tafelbediendes** en **kelners** opgetree.⁹⁴³ Burchell het aan die huis van die welvarende Paarlse boer, Van der Byl, waargeneem dat verskeie slawe die een na die ander skottels met warm vleisdisse en bredies, sowel as 'n verskeidenheid groentesoorte wat op verskillende wyses gaargemaak is, na die tafel aangedra het.⁹⁴⁴

⁹³⁰ O.F. Mentzel, *A geographical and topographical description of the Cape of Good Hope II*, p. 122; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 88.

⁹³¹ K.A.B.: SO. 6/15, p. 18: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁹³² N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 88.

⁹³³ A. Sparrman, *A voyage to the Cape of Good Hope ... 1772 - 1776, I* (red. V.S. Forbes), p. 90.

⁹³⁴ K.A.B.: SO. 6/84, p. 16: Register of Slaves, 1816-09-24; SO. 6/84, p. 17: Register of Slaves, 1816-09-24; SO. 6/94, p. 37: Register of Slaves, 1816-09-25

⁹³⁵ K.A.B.: SO. 6/15, p. 19: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁹³⁶ K.A.B.: SO. 6/84, p. 15: Register of Slaves, 1818-03-19.

⁹³⁷ K.A.B.: SO. 6/15, p. 32: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁹³⁸ K.A.B.: SO. 6/15, p. 16: Register of Slaves, 1816-06-20.

⁹³⁹ K.A.B.: SO. 6/84, p. 13: Register of Slaves, 1816-09-24.

⁹⁴⁰ K.A.B.: SO. 6/15, p. 23: Register of Slaves, 1816-06-22.

⁹⁴¹ K.A.B.: SO. 6/94, p. 14: Register of Slaves, 1817-01-14.

⁹⁴² K.A.B.: SO. 6/95, p. 182: Register of Slaves, 1819-11-15.

⁹⁴³ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 258.

⁹⁴⁴ W.J. Burchell, *Travels in the interior of Southern Africa I*, pp. 140 - 141.

‘n Studie van slawearbeid in die akkerboustreek lei tot die gevolgtrekking dat oorwegend landbouers, veewagters en algemene plaasarbeiders sowel as ambagslui en huishoudelike slawe ‘n rol in arbeidsvoorsiening op die arbeidsintensiewe akkerbouplaas en die gepaardgaande huishouding gespeel het. Volgens die *Slaweregister*, wat in die eerste helfte van die negentiende eeu opgestel is, was slawe veral op die plase van die meer gegoede akkerbouboere, soos Dirk, Hendrik en en Pieter Cloete sowel as Lambertus Colijn in al bogenoemde arbeidsektore betrokke. Weens die toenemende arbeidsbehoefte in die akkerboustreek het daar sedert die Eerste Britse Besetting ‘n verskuiwing van stedelike slawe na die akkerbougebied plaasgevind en was daar veral met die oplewing in die wynbedryf in die 1820’s ‘n konsentrasie van slawe in die wingerdboustreke van die Suidwes-Kaap.⁹⁴⁵ Dié verskuiwing van stedelike slawe na die akkerbougebied het in wese die herverdeling van slawearbeid beteken.⁹⁴⁶ Terwyl arbeid in die stad op grond van die geografiese herkoms en afkoms van slawe toegeken is, was daar op die plase nie ‘n duidelike stereotipering ten opsigte van herkoms en die toekenning van sekere tipes arbeid nie,⁹⁴⁷ alhoewel daar wel ‘n neiging was om slawe van Afrika en Madagaskar in die akkerbou aan te wend.⁹⁴⁸

3. Slawearbeid op die afgeleë binnelandse plase

Gedurende die agtiende eeu het veeboerdery in ‘n toenemende mate ‘n meer aantreklike opsie as akkerbou geword. Dit was meer winsgewend, minder arbeidintensief, het minder aanvangskapitaal vereis en ‘n laer bedryfskoste gehad, terwyl vervoerprobleme ook grootliks uitgeskakel is.⁹⁴⁹ Groeiende veetroppe en ‘n tekort aan beskikbare weiveld het tot die toenemende okkupasie van die noordelike en oostelike gebiede van die akkerboustreek deur boere en hulle slawe aanleiding gegee. Dit sou uitendelik tot die stigting van die distrikte Swellendam en Graaff-Reinet lei wat gedurende die VOC-tydperk byna uitsluitlik veeboerstreke was.⁹⁵⁰ Migrasie in ‘n noordelike en noordwestelike rigting het ook plaasgevind.

Daar was relatief min slawe in die dun bevolkte binnelandse distrikte en gemiddeld ook minder slawe per slawebesittende huishouding as in Kaapstad en die akkerboustreek. Hulle is in getalle deur die vry nie-blanke arbeiders wat meesal Khoisan was, oortref.⁹⁵¹ Faktore wat tot die beperkte aantal slawe op die ekstensiewe binnelandse veeplase bygedra het, was onder meer die minder arbeidsintensiwiteit van ‘n veeplaas, die beskikbaarheid van Khoikhoi- en Sanarbeiders met hulle natuurlike aanleg vir veeboerdery,⁹⁵² sowel as die feit dat die

⁹⁴⁵ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, pp. 143 - 144 en 168 - 169; R. Ross, *Cape of Torments*, p. 25; N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 12 en 27.

⁹⁴⁶ R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 144.

⁹⁴⁷ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 93.

⁹⁴⁸ F. le Vaillant, *Travels into the interior parts of Africa, by the way of the Cape of Good Hope; in the years 1780, 81, 82, 83, 84 and 85, I*, p. 100; R.C.-H. Shell, *Children of bondage*, p. 409.

⁹⁴⁹ G.C. de Wet, *Die vryliede en vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657 - 1707*, p. 37.

⁹⁵⁰ N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, pp. 27 - 28.

⁹⁵¹ J.E. Mayson, *Fortunate slaves and artful masters*, in E.A. Eldredge en F. Morton (reds.), *Slavery in South Africa*, pp. 73 - 74.

⁹⁵² N. Worden, *Slavery in Dutch South Africa*, p. 12.